Enige eienaar of okkupant van vaste eiendom binne die gebied van bogenoemde dorpsbeplanningskema of binne 2 km van die grens daarvan het die reg om teen die skema beswaar te maak of om vertoë ten opsigte daarvan te rig en indien hy dit wil doen, moet hy die plaaslike bestuur en die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Posbus 892, Pretoria, binne vier weke vanaf die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik ..... (vermeld datum van eerste publikasie), skriftelik van sodanige beswaar of vertoë in kennis stel en vermeld of hy deur die Dorperaad gehoor wil word of nie.”

*Opmerking:*

\* Haal deur na gelang die aansoek om 'n oorspronklike of 'n wysigingskema is (Kyk artikels 26, 28 en 31 van die Ordonnansie).

10. Die Vierde Bylae by die Regulasies word hierby gewysig deur die onderafdeling wat betrekking het op „Dightheidstreke” deur die volgende onderafdeling te vervang: Dighheidstreke.

<i>"Density Zones</i>	<i>Colour Washed</i>
One house per existing erf .....	Yellow
One house per 500m <sup>2</sup> .....	Burnt sienna
One house per 700m <sup>2</sup> .....	Paynes grey
One house per 800m <sup>2</sup> .....	Light green
One house per 1000m <sup>2</sup> .....	Pink
One house per 1500m <sup>2</sup> .....	Dark blue
One house per 2000m <sup>2</sup> .....	Van Dyk brown
Other densities .....	Suitable colours

Provided that all erven indicated on a general plan approved prior to 1 September 1970 and controlled by the density determinations of a Town-planning Scheme in operation, shall be entitled to a relaxation of the above-mentioned density determinations of not more than one per cent of the area which shall be prescribed by this density determination: Provided further that the Director may in special cases make the said density relaxation applicable in respect of erven indicated on a general plan approved subsequent to 31 August".

11. The following Schedule is hereby substituted for the Fifth Schedule to the Regulations:

#### FIFTH SCHEDULE.

#### PROVINCE OF TRANSVAAL.

Form of Application for Permission to Establish a Township under the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.  
(To be submitted in septuplicate) .....

The Director of Local Government,  
P.O. Box 892,  
PRETORIA.  
Sir,

A. I, the undersigned ..... registered owner of the land herein described, do hereby apply for permission to establish a township under the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, and submit the following particulars:—

- (1) Name of the proposed township .....
- (2) A title deed description of the portion or portions of the farm/agricultural holding on which the proposed township is to be established .....

(Quote numbers and dates of title deeds.)  
(3) Full name of registered owner of the land .....

(4) (a) The land is/is not mortgaged and particulars of such mortgage bonds are as follows:  
In favour of .....

..... Bond No. ....

..... Bond No. ....

(b) Mineral rights have/have not been severed from the ownership of the land and are held by ..... in terms of certificate No. ....

A lease of the mineral rights has been granted/Prospecting contract has been entered into/the particulars of which are as follows:—

(See section 58(3) and (4) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.)

<i>Digtheidstreke</i>	<i>Kleure geverf</i>
Een huis per bestaande erf .....	Geel
Een huis per 500 m <sup>2</sup> .....	Gebrande Siëenna
Een huis per 700 m <sup>2</sup> .....	Paynesgrys
Een huis per 800 m <sup>2</sup> .....	Liggroen
Een huis per 1,000 m <sup>2</sup> .....	Pienk
Een huis per 1,500 m <sup>2</sup> .....	Donkerblou
Een huis per 2,000 m <sup>2</sup> .....	Van-Dyk-bruin
Ander digthede .....	Paslike kleur.

Met dien verstande dat alle erwe aangedui op 'n algemene plan wat voor 1 September 1970 goedgekeur is en wat beheer word deur die digtheidsbepalings van 'n dorpsbeplanningskema in werking, geregty is op 'n verslapping van bovemelde digtheidsbepalings van hoogstens een persent van die oppervlakte wat deur hierdie digtheidsbepaling voorgeskryf word: Voorts met dien verstande dat die Direkteur in spesiale gevalle genoemde digtheidsverslapping van toepassing kan maak ten opsigte van erwe wat aangedui word op 'n algemene plan wat na 31 Augustus goedgekeur is."

11. Die Vyfde Bylae by die Regulasies word hierby deur die volgende Bylae vervang:

#### VYFDE BYLAE.

#### PROVINSIE TRANSVAAL.

Vorm van Aansoek om Toestemming om 'n Dorp, ingevolge die Bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, te Stig.  
(Moet in sewevoud ingediend word.) .....

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur,  
Posbus 892,  
PRETORIA.  
Meneer,

A. Ek, ondergetekende..... geregistreerde eienaar van die grond hierin beskryf, doen hierby aansoek om goedkeuring om 'n dorp te stig kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, en lê die volgende besonderhede voor:—

- (1) Naam van voorgestelde dorp.....  
(2) Die transportaktebeskrywing van die gedeelte of gedeeltes van die plaas/landbouhoeves waarop die voorgestelde dorp gestig gaan word.....

(Meld nommers en datums van transportakte.)  
(3) Volle naam van die geregistreerde eienaar van die grond .....

(4) (a) Die grond is/is nie met 'n verband beswaar/nie en besonderhede van sodanige verbandakte/s is soos volg:\*

Ten gunste van: .....

..... Verbandakte No. ....

..... Verbandakte No. ....

(b) Mineraleregte is/is nie van die eiendomsreg op die grond geskei nie/en word deur..... ingevalgoe sertifikaat No. .... gehou.

'n Huurkontrak vir die mineraleregte is toegestaan/Prospekteer-kontrak is aangegaan/waarvan die besonderhede soos volg is —

(Kyk artikels 58(3) en (4) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965).

(c) Indicate how each of the conditions and servitudes contained in the Deed/s of Transfer of the property/ies affect/s the proposed township and how these conditions and servitudes should be disposed of

.....

(Where it is indicated that the servitudes do not affect the proposed township, a certificate from a registered surveyor shall be submitted to this effect.)

(5) (a) The proposed township is situated:

- (i) within the boundaries of the .....municipalit;\*
- (ii) within the area of jurisdiction of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas;\*
- (iii) within a distance of 8 km from the municipal boundaries of the following municipalities:—  
.....

(b) The proposed township falls/does not fall within the area of the .....Town-planning Scheme. The use and density zoning of the land under such Town-planning Scheme are\*  
.....

(6) Provisions of the Mining Rights Act, 1967 (No. 20 of 1967).

- (a) The land has/has not been proclaimed in terms of the above-mentioned Act.\*  
(Furnish relevant particulars.)  
.....
- (b) The land has/has not been reserved for township purposes under section 184 of the said Act.\*  
(Furnish relevant particulars.)  
.....
- (c) The land has been/has not been mined for precious metals or base metals as defined in section 1 of the above-mentioned Act.  
(Furnish relevant particulars.)  
.....

(7) Number and sizes of erven.

- (a) *Special Residential Erven.*  
Number..... Minimum Size.....
- (b) *General Residential Erven.*  
Number..... Sizes.....
- (c) *Business Erven.*  
Number..... Sizes.....
- (d) *Industrial Erven.*  
Number..... Sizes.....
- (e) *Other Erven (Specify Uses).*  
Number..... Sizes.....  
Number..... Sizes.....  
Number..... Sizes.....  
Number..... Sizes.....

(c) Dui aan hoe elkeen van die voorwaardes en servitute wat in die Transportakte/s van die eindom/me vervat is, die voorgestelde dorp raak en hoe oor hierdie voorwaardes en servitute beskik moet word.

.....

(Waar aangedui word dat servitute nie die voorgestelde dorp raak nie, moet 'n sertifikaat van 'n geregistreerde landmeter te dien effekte ingedien word.)

(5) (a) Die voorgestelde dorp is geleë:

- (i) binne die grense van die munisipaliteit .....
- (ii) binne die regsgebied van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestadelike Gebiede\*
- (iii) binne 'n afstand van 8 km vanaf die municipale grense van die volgende munisipaliteite:  
.....

(b) Die voorgestelde dorp val/val nie binne die gebied van die ..... dorpsbeplanningskema nie. Die gebruik en digtheidsindeling van die grond volgens sodanige dorpsbeplanningskema is\*  
.....

(6) Bepalings van die Wet op Mynregte, 1967 (No. 20 van 1967).

- (a) Die grond is/is nie ingevolge die benoemde Wet tot geproklameerde grond geproklameer nie\*  
(Verstrek toepaslike besonderhede)  
.....
- (b) Die grond is/is nie vir dorpsdoeleindes uitgehou kragtens artikel 184 van benoemde Wet nie\*  
(Verstrek toepaslike besonderhede)  
.....
- (c) Die grond is/is nie vir edelmetale of onedele mineraal soos in artikel 1 van benoemde Wet om-skryf, gemyn nie. (Verstrek toepaslike besonderhede)  
.....

(7) Aantal en Groottes van Erwe.

- (a) *Spesiale Woonerwe.*  
Aantal..... Minimum Grootte.....
- (b) *Algemene Woonerwe.*  
Aantal..... Groottes.....
- (c) *Besigheidserwe*  
Aantal..... Groottes.....
- (d) *Nywerheidserwe*  
Aantal..... Groottes.....
- (e) *Ander Erwe (Vermeld Spesifiek Gebruiken)*  
.....Aantal .....Groottes .....
- .....Aantal .....Groottes .....
- .....Aantal .....Groottes .....
- .....Aantal .....Groottes .....

(8) Proposed provision of essential services, i.e. water, electricity, sanitary services, Bantu residential area, cemetery and depositing site (state briefly).....

(9) Reasons for the gradient in any subsidiary street being over 1 in 15 or in any main street being over 1 in 30. ....

B. I submit herewith:—

(1) Thirty-eight prints of the township plan showing—  
 (a) Contour lines in accordance with the standards laid down in Regulation 21(2) of the Town-planning and Townships Regulations;

(b) the various numbers and dimensions of the erven. (The erven have been numbered consecutively within each block);

(c) existing buildings and structures within the township area;

(d) streets, squares and open spaces;

(e) the widths and names of streets;

(f) all adjoining streets and erven on the boundaries of adjoining Townships;

(g) areas or zones allocated for residential, commercial, industrial or other purposes in or near the township;

(h) water courses, railways, pipe lines, power lines, existing proclaimed roads, servitudes, etc. in or near the township;

(i) by means of a distinctive notation for the sites proposed to be reserved for educational, State and municipal purposes, etc. and residential and business erven;

(j) the township's boundaries;

(k) a table showing: the total number of erven, the number of erven for specific purposes, the minimum size of erven, the average size of erven, the minimum and maximum gradients of the streets, the total length of streets within the township, the area of streets as a percentage of the total area of the township, the area of parks (if any) as a percentage of the total area of the township;

(l) a locality plan (shown as an inset on the township plan) showing the following:—

(i) the situation of the proposed township on the farm/agricultural holding with the principal topographical features on and in the vicinity of the township;

(ii) the distance from the neighbouring township(s);

(iii) the route(s) giving access to the nearest main road and an indication of the network of streets in the vicinity of the township;

(m) the diagrams of the erven accurately plotted to the scale 1/1250, 1/1500, 1/2000, 1/2500, 1/500\*;

(n) in an enclosure the names of the persons or firms responsible for the contour surveys and/or the design of the township with special reference to the datum plane on which the contour values are based;

(o) the boundaries of each portion of the farm/agricultural holding included in the township if the township is located on two or more portions;

(8) Voorgestelde verskaffing van noodsaaklike dienste, d.w.s. water, elektrisiteit, sanitêre dienste, Bantowoongebied, begraafplaas en stortings terrein (Vermeld kortlik);

(9) Redes waarom die hellingverhouding in enige bystraat meer as 1 op 15 of in enige hoofstraat meer as 1 op 30 is .....

B. Ek lê hierby voor:—

(1) Agt-en-dertig afdrukke van die dorpsplan waarop aangewys word:—

(a) Kôhôerlyne ooreenkomsdig die standarde in regulasie 21(2) van die Dorpsbeplanning en Dorpcregulasies gestel.

(b) die onderskeie nommers en afmetings van die crwe. (Die crwe is agtereenvolgend binne elke blok genommer).

(c) bestaande geboue en strukture binne die dorpsgebied.

(d) Strate, pleine en oop ruimtes.

(e) die breedtes en name van strate.

(f) alle aanliggende strate en crwe op die grense van aanliggende dorpe.

(g) gebiede of stede toegewys vir woon-, handels-, nywerheids- of ander doeleindes in of naby die dorp.

(h) waterlope, spoorwë, pyplyne, kraglyne, bestaande geproklameerde paaie, ens. in of naby die dorp.

(i) by wyse van 'n onderskeidende notasie, die perselle voorgestel vir reservering vir onderwys-, staats- en munisipale doeleindes, ens. en woon- en besigheidserwe.

(j) die dorp se grense.

(k) 'n tabel wat aantoon: die totale aantal crwe, die aantal crwe vir spesifieke doeleindes, die minimum grootte van crwe, die gemiddelde grootte van crwe, die minimum en maksimum helling van die strate, die totale lengte van strate binne die dorp, die oppervlakte van strate as 'n persentasie van die totale oppervlakte van die dorp, die oppervlakte van parke (as daar is) as 'n persentasie van die dorp se totale oppervlakte.

(l) 'n liggingsplan (as 'n inlaas op die dorpsplan aangevoeg) wat die volgende aanwyse:—

(i) die ligging van die voorgestelde dorp op die plaas/landbouhoeve met die belangrikste topografiese kenmerke op en in die omgewing van die dorp.

(ii) die afstand van die naburige dorp(e).

(iii) die roete(s) wat uitgang verleen tot die naaste hoofweg en 'n aanduiding van die netwerk strate in die omgewing van die dorp.

(m) die kaarte van die crwe, noukeurig geskets volgens 'n skaal 1/1250, 1/1500, 1/2000, 1/2500, 1/5000\*.

(n) in 'n afgeslote ruimte die name van die personele of firmas verantwoordelik vir die kontoeropmetings en/of die ontwerp van die dorp met spesiale verwysing na die uitgangsvlak waarop die kontoeawaardes gegrond is.

(o) die grense van elke gedeelte van die plaas/landbouhoeve wat in die dorp ingesluit is, as die dorp op twee of meer gedeeltes geleë is.

- (p) each registered servitude running over the land with the necessary reference to the relevant Notarial Deed or approved diagram. If an alteration in the route of the servitude is contemplated, the proposed route shall also be shown.
- (2) A detailed report in motivation of:
- the need and desirability of establishing the township; and
  - the design and uses of the erven and streets in the township.
- (3) A certified or photo print of the relevant Deed(s) of transfer as well as a certified or photo print of the mortgage bond(s) and certificates of cession of mineral rights if the mineral rights have been served from the ownership of the land. Where the photo print of the Deed(s) of transfer is not easily legible or clear, a certified copy must be submitted.
- (4) (a) The written permission of the bondholder (see section 58(3) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965).
- (b) The written consent of the holder of the mineral rights, usufructuary or lessee of the mineral rights, or proof that the holder of the mineral rights, usufructuary or lessee of the mineral rights cannot be found and that notice of the application for permission to establish a township has been given in the prescribed manner.
- (5) In the case of an industrial township, a photo print of the approval of the Department of Planning for the use of the land for industrial purposes.
- C. I am aware of the fact that:
- this application will not be referred to the Townships Board in terms of the provisions of section 58(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, until such time as:
    - proof has been submitted to you from the Director, Transvaal Roads Department, by or on behalf of myself to the effect that satisfactory arrangements have been made in respect of road reserves and accesses from the proposed township to provincial, national and special roads, where applicable;
    - proof has been given by or on behalf of myself that a satisfactory agreement has been arrived at with the local school board regarding school site(s) in the proposed township;
  - the Director of Local Government is satisfied that such services as he may deem necessary for the proper development of the township, can be supplied within three years of the date of application;
  - until such time as a guarantee as contemplated in section 58(1B) has been furnished to the satisfaction of the local authority or the Director in respect of the supply of the services mentioned in section 58(1A), no person shall enter into a contract to sell, exchange or in any other way dispose of any erf in this township, or grant an option to purchase or otherwise obtain such erf.

Signature of Applicant.

D. Notes:

- \*Delete whatever is not applicable.
- This application shall be signed by the registered owner of the land or by the owner's duly authorised agent. If the applicant is a registered company, a

- (p) elke geregistreerde serwituut wat oor die grond loop met die nodige verwysing na die betrokke notariële Akte of goedgekeurde diagram. As dit beoog word om die roete van die serwituut te verander, moet die voorgestelde roete ook aangewys word.
- (2) 'n Gedetailleerde verslag ter motivering van:
- die behoefté aan en wenslikheid van die stigting van die dorp; en
  - die ontwerp en gebruik van die erven en strate in die dorp.
- (3) 'n Gewaarmerkte afskrif of fotostaticse afdruk van die betrokke transportakte(s), sowel as 'n gewaarmerkte afskrif of fotostaticse afdruk van die verbandakte(s) en afstandsertifikate van mineraleregte indien die mineraleregte van die eiendomsreg op die grond geskei is. Waar die fotostaticse afdruk van die transportakte(s) nie geredelik leesbaar of duidelik is nie moet 'n gewaarmerkte afskrif ingedien word.
- (4) (a) Die skriftelike toestemming van die verbandhouer (kyk artikel 58(3) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965).
- (b) Die skriftelike toestemming van die huurier, vruggebruiker of huurder van die mineraleregte of bewys dat die huurier, vruggebruiker of huurder van die mineraleregte nie gevind kan word nie en dat kennis van die aansoek om toestemming om 'n dorp te stig op die voorgeskrewe wyse gegee is.
- (5) In die geval van 'n nywerheidsdorp, 'n fotostatiese afdruk van die goedkeuring van die Departement van Beplanning vir die gebruik van die grond vir nywerheidsdoeleindes.
- C. Ek is bewus daarvan dat:
- hierdie aansoek nie ooreenkomsdig die bepalings van artikel 58(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 na die Dorperaad verwys sal word nie tot tyd en wyl:
    - daar deur my of namens my bewys van die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, by u ingedien is ten effekte dat bevredigende reëlings ten opsigte van padreserves en toegange vanaf die voorgestelde dorp tot provinsiale, nasionale en spesiale paaie, waar toepaslik, getref is;
    - daar deur my of namens my bewys gelewer is dat 'n bevredigende ooreenkoms met die plaaslike skoolraad bereik is, ten opsigte van 'n skoolterrein(e) in die voorgestelde dorp.
  - die Direkteur van Plaaslike Bestuur daarvan oortuig word dat sodanige dienste as wat hy vir die behoorlike ontwikkeling van die dorp noodsaaklik ag binne 3 jaar vanaf die datum van die aansoek verskaf kan word.
  - tot tyd en wyl 'n waarborg soos beoog in artikel 58(1B) tot bevrediging van die plaaslike bestuur of die Direkteur, ten opsigte van die verskaffing van die dienste in artikel 58(1A) genoem, verskaf is, niemand enige kontrak mag aangaan om enige erf in hierdie dorp te verkoop, te verruil of op enige ander wyse van die hand te sit nie, of 'n opsie mag verleen om sodanige erf te koop of andersins te verkry nie.

Handtekening van Applicant.

D. Opmerkings:

- \*Skrap wat nie van toepassing is nie.
- Hierdie aansoek moet onderteken word deur die geregistreerde eienaar van die grond of deur die eienaar se behoorlik gemagtigde agent. As die applicant 'n

copy of a resolution authorizing the signatory to apply for the establishment of the township, should be furnished. If this form is signed by an owner who is a married woman, she must, unless the marital power of the man is excluded, be assisted by him.

- (3) As far as possible, subsidiary streets should be so laid out that no gradients steeper than 1 in 15 occur in them. On main streets gradients steeper than 1 in 30 should be avoided. Except under special circumstances, no street shall be less than 16m wide.
- (4) If the township is situated on two or more portions of a farm/agricultural holding, the boundaries of such portions must be shown.
- (5) The diagrams of the erven shall be sufficiently large to allow of essential information being clearly indicated thereon; with the Director's permission, other scales than those mentioned in paragraph 1(m) may be used.
- (6) Two copies of the plan should indicate, by distinctive colours, the site proposed for various uses.

12. The following new Schedule is hereby added to the Regulations:

#### SEVENTH SCHEDULE.

#### PROVINCE OF TRANSVAAL.

Form of Application for Permission to extend the Boundaries of an Approved Township in terms of the Provisions of the Deeds Registries Act, No. 47 of 1937, read in conjunction with Section 82 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.

(To be submitted in duplicate.)

The Director of Local Government,  
P.O. Box 892,  
PRETORIA.  
Sir,

A. I, the undersigned ..... registered owner of the land herein described, hereby apply for approval to extend the boundaries of a township in terms of the provisions of the Deeds Registries Act, 1937, read in conjunction with section 82 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, and submit the following details:

- (1) Name of township of which the boundaries are to be extended.....
- (2) The Deed of transfer description of the portion or portions of the farm to be included in the township.....
- (3) Full name of the registered owner of the land.....  
(State numbers and dates of Deeds of transfer)
- (4) (a) The land is/is not mortgaged and particulars of such mortgage bond(s) are as follows:  
In favour of  
..... Bond No.....  
..... Bond No.....
- (b) Mineral rights have/have not been served from the ownership of the land and are held by..... in terms of certificate No. ....

geregistreerde maatskappy is, moet 'n afskrif van 'n besluit wat die ondertekenaar magtig om aansoek te doen om die stigting van die dorp, verskaf word. As die applikant 'n getroude vrou is, moet sy, tensy die maritale mag van die man uitgesluit is, deur haar man bygestaan word.

- (3) Bystrate moet waar moontlik so uitgclê word dat geen hellings van meer as 1 op 15 in hulle voorkom nie. In Hoofstrate moet hellings van meer as 1 op 30 vermy word. Uitgesonderd in spesiale omstandighede mag geen strate smaller as 16 m wees nie.
- (4) As die dorp op twee of meer gedeeltes van 'n plaas/landbouhoeve geleë is, moet die grense van sodanige gedeeltes aangewys word.
- (5) Die kaarte van die erwe moet groot genoeg wees sodat noodsaklike inligting duidelik daarop aangetoon kan word; met toestemming van die Direkteur kan ander skale as dié in paragraaf 1(m) genoem, gebruik word.
- (6) Twee afskrifte van die plan moet, by wyse van onderskeie kleure, die terrein aandui wat vir verskillende gebruik bestem is.

12. Die volgende nuwe Bylae word hierby tot die Regulasies toegevoeg:

#### SEWENDE BYLAE.

#### PROVINSIE TRANSVAAL.

Vorm van Aansoek om Toestemming om die Grense van 'n Goedgekeurde Dorp uit te brei ingevolge die Bepalings van die Registrasie van Aktes Wet, No. 47 van 1937, saamgelees met Artikel 82 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpc, 1965.  
(Moet in tweevoud ingedien word).

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur,  
Posbus 892,  
PRETORIA.  
Meneer,

A. Ek, ondergetekende..... geregistreerde eienaar van die grond hierin beskryf, doen hierby aansoek om goedkeuring om die grense van 'n dorp uit te brei ooreenkomsdig die bepalings van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, saamgelees met artikel 82 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, en lê die volgende besonderhede voor:

- (1) Naam van dorp waarvan grense uitgebrei staan te word .....
- (2) Die transportaktebeskrywing van die gedeelte of gedeeltes van die plaas wat in die dorp ingesluit staan te word .....
- (3) Volle naam van die geregistreerde eienaar van die grond .....
- (Meld nommers en datums van transportakte)
- (4) (a) Die grond is/is nie met 'n verband beswaar/nie en besonderhede van sodanige verbandakte/s is soos volg\*  
Ten gunste van:  
..... Verbandakte No.....  
..... Verbandakte No.....
- (b) Mineraleregte is/is nie van die eiendomsreg op die grond geskei/nie en word deur..... ingevolge sertifikaat No..... gehou.

- (5) (a) The township of which the boundaries are to be extended and the land to be included in the township, are situated—  
 (i) within the boundaries of the municipality of .....\*
- (ii) within the area of jurisdiction of the Transvaal Board for the Development of Peri-Areas.\*
- (b) The land to be included in the township falls/does not fall within the area of the ..... Town-planning Scheme. The use and density zoning of the land under such Town-planning Scheme are:  
 \*.....
- (6) The land to be included in the township:  
 (a) is ..... sq. metres in extent;  
 (b) is at present used for the purpose of .....  
 (c) will be used after inclusion for the purpose of....
- (7) The following reasons are given in motivation of the application .....
- (8) The land to be included in the township, will be consolidated/not be consolidated with any erf/after inclusion with Erf No. ....
- B. I submit herewith:—
- (1) Fifteen prints of a plan showing the following—  
 (a) Contour lines in accordance with the standards laid down in regulation 21(2) of the Town-planning and Townships Regulations;  
 (b) the dimensions and boundaries of the land to be included;  
 (c) existing buildings and structures on the land to be included;  
 (d) all adjoining streets and erven;  
 (e) the widths and names of adjoining streets;  
 (f) areas or zones allocated for residential, commercial, industrial or other purposes in or near the land to be included;  
 (g) watercourses, railways, pipe lines, power lines, existing proclaimed roads, servitudes, etc., in or near the land to be incorporated;  
 (h) the diagrams of the land to be included, accurately, plotted to a scale of 1/1250, 1/1500, 1/2000, 1/2500, 1/5000;  
 (i) in an enclosure the names of the persons or firms responsible for the contour surveys with special reference to the datum plane on which the contour value are based.
- (2) A detailed report in motivation of the need and desirability of the inclusion of the land in an approved township and the reasons for not following the township establishment procedure.
- (3) A certified copy or photo print of the relevant Deed(s) of Transfer as well as a certified copy or photo print of the mortgage bond(s) and certificates of cession of mineral rights if the mineral rights have been severed from the ownership of the land. Where the photo print of the Deed(s) of Transfer is not readily legible or clear, a certified copy should be furnished.
- (5) (a) Die dorp waarvan die grense uitgebrei staan te word en die grond wat in die dorp ingesluit staan te word, is geleë:  
 (i) binne die grense van die munisipaliteit .....\*
- (ii) binne die regsgebied van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestadelike Gebiede\*
- (b) Die grond wat in die dorp ingesluit staan te word val/val nie binne die gebied van die ..... dorpsbeplanningskema/nic. Die gebruik en digtheidsindeling van die grond volgens sodanige dorpsbeplanningskema is:\*
- (6) Die grond wat in die dorp ingesluit staan te word:  
 (a) is ..... vk. meter groot.  
 (b) word tans gebruik vir die doel van .....  
 (c) sal na insluiting gebruik word vir die doel van .....
- (7) Die volgende redes ter motivering van die aansoek word verstrek .....
- (8) Die grond wat in die dorp ingesluit staan te word, sal na insluiting met Erf No. .... gekonsolideer word/nie met enige erf gekonsolideer word nie.\*
- B. Ek lê hierby voor:—
- (1) Vyftien afdrukke van 'n plan waarop die volgende aangewys word:  
 (a) Kontoerlync ooreenkonsig die standarde in regulasie 21(2) van die Dorpsbeplanning en Dorperegulасies gestel.  
 (b) die afmetings en grense van die grond wat ingesluit staan te word.  
 (c) bestaande geboue en strukture op die grond wat ingesluit staan te word.  
 (d) alle aanliggende strate en erwe.  
 (e) die breedtes en name van aanliggende strate.  
 (f) gebiede of stekte toegewys vir woon-, handels-, nywerheids- of ander doeleinde in of naby die grond wat ingesluit staan te word.  
 (g) waterlope, spoorweë, pypplyne, kraglyne, bestaande geproklameerde paaie, servitute, ens. in of naby die grond wat ingesluit staan te word.  
 (h) die kaarte van die grond wat ingesluit staan te word, noukeurig geskets volgens 'n skaal 1/1250, 1/1500, 1/2000, 1/2500, 1/5000.\*  
 (j) in 'n afgeslotte ruimte die name van die persone of firmas verantwoordelik vir die kontoeropmtings met spesiale verwysing na die uitgangsvlak waarop die kontoerwaardes gegrond is.
- (2) 'n Gedetailleerde verslag ter motivering van die behoeftte en wenslikheid vir die insluiting van die grond in 'n goedgekeurde dorp en die redes waarom die dorpstigtingsprocedure nie gevolg word nie.
- (3) 'n Gewaarmerkte afskrif of fotostatiese afdruk van die betrokke transportakte(s) sowel as 'n gewaarmerkte afskrif of fotostatiese afdruk van die verbandakte(s) en afstandsertifikate van mineraleregte indien die mineraleregte van die eiendomsreg op die grond geskei is. Waar die fotostatiese afdruk van die transportakte(s) nie geradelik leesbaar of duidelik is nie moet 'n gewaarmerkte afskrif ingediend word.

- (4) (a) The written consent of the bondholder (see section 58(3) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965).  
 (b) The written consent of the holder of the mineral rights, usufructuary or lessee, of the mineral rights or proof that the holder of the mineral rights, usufructuary or lessee of the mineral rights cannot be found and that notice of the application for permission to include the land in an approved township has been given in the prescribed manner.
- (5) Where the land which is to be included is intended to be used for industrial purposes, a photo print of the approval of the Department of Planning for the use of the land for industrial purposes.
- (6) Proof from the Surveyor-General that it will be possible to show the land on the general plan of the township subsequent to inclusion thereof in the approved township.

## Signature of Applicant.

## Notes:

- (1) \*Delete whatever is not applicable.  
 (2) This application shall be signed by the registered owner of the land or by the owner's duly authorised agent. If the applicant is a registered company, a copy of a resolution authorizing the signatory to apply for the inclusion of the land in the approved township, shall be furnished. If this form is signed by an owner who is a married woman, she must, unless the marital power of the husband has been excluded, be assisted by her husband.

Administrator's Notice 1157

7 October, 1970

## APPOINTMENT OF POUNDMASTER ON THE FARM TOITSKRAAL DISTRICT GROBLERSDAL.

The Administrator has approved in terms of section 6 of the Pounds Ordinance, No. 7 of 1913, the appointment of Mr. J. H. L. Fourie as poundmaster vice Mr. R. J. Pieterse, who resigned.

The new Poundmaster's address is: P.O. Box 10, P.O. Strydmg, via Marble Hall.

T.W. 5/6/2/30.

Administrator's Notice 1158

7 October, 1970

## ROODEPOORT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BUILDING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Building By-laws of the Roodepoort Municipality, published under Administrator's Notice 816, dated 28 November 1962, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the deletion in section 412(3) of the expression "subject to the provisions of section 419".
2. By the substitution for section 413 of the following:—  
**"413. Scale of Plain Fees for New Buildings and Structures.**  
 (1) The following plan fees shall be payable in respect of new buildings and structures:  
 (a) The minimum amount payable on any building plan shall be R2:

- (4) (a) Die skriftelike toestemming van die verbandhouer (kyk artikel 58(3) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965).  
 (b) Die skriftelike toestemming van die houer, vruggebruiker of huurder van die mineraleregte of bewys dat die houer, vruggebruiker of huurder van die mineralerekte nie gevind kan word nie en dat kennis van die aansoek om toestemming om die grond in te sluit in 'n goedgekeurde dorp op die voorgeskrewe wyse gegee is.
- (5) In die geval waar dit beoog word om die grond wat ingesluit staan te word vir nywerheidsdoeleindes te gebruik, 'n fotostatiese afdruk van die goedkeuring van die Departement van Beplanning vir die gebruik van die grond vir nywerheidsdoeleindes.
- (6) Bewys van die Landmietter-generaal dat die grond na insluiting daarvan in die goedgekeurde dorp, op die algemene plan van die dorp aangewys sal kan word.

## Handtekening van Applikant.

## C. Opmerkings:

- (1) \*Skrap wat nie van toepassing is nie.  
 (2) Hierdie aansoek moet onderteken word deur die geregistreerde eienaar van die grond of deur die eienaar se behoorlike gemagtigde agent. As die applikant 'n geregistreerde maatskappy is, moet 'n afskrif van 'n besluit wat die ondertekenaar maglik om aansoek te doen om die insluiting van die grond in die goedgekeurde dorp, verskaf word. As die applikant 'n getroude vrou is, moet sy, tensy die mariale mag van die man uitgesluit is, deur haar man bygestaan word.

Administrateurskennisgewing 1157

7 Oktober 1970

## AANSTELLING VAN SKUTMEESTER: SKUT OP DIE PLAAS TOITSKRAAL, DISTRIK GROBLERSDAL.

Dic Administrateur het, ingevolge artikel 6 van die „Schutten Ordonnantie” No. 7 van 1913, goedkeuring verleen vir aanstelling van mnr. J. H. L. Foutrie as skutmeester in die plek van mnr. R. J. Pieterse wat bedank het.

Dic adres van die nuwe skutmeester is: Posbus 10, Pk. Strydmg, oor Marble Hall.

T.W. 5/6/2/30.

Administrateurskennisgewing 1158

7 Oktober 1970

## MUNISIPALITEIT ROODEPOORT: WYSIGING VAN BOUVERORDENINGE.

Dic Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedkeur is.

Dic Bouverordeninge van die Munisipaliteit Roodepoort, afgekondig by Administrateurskennisgewing 816 van 28 November 1962, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:

1. Deur in artikel 412(3) die uitdrukking „onderworpe aan die bepalings van artikel 419”, te skrap.
2. Deur artikel 413 deur die volgende te vervang:—  
**“413. Skaal van Plangelde vir Nuwe Geboue en Strukture.**  
 (1) Die volgende plangelde is betaalbaar vir nuwe geboue en strukture:  
 (a) Die minimum bedrag betaalbaar op enige bouplan is R2.

- (b) For the first 1000 square metres of the total building area: R1 per 10 square metres or part thereof.
- (c) For the next 1000 square metres of the total building area: 75c per 10 square metres or part thereof.
- (d) Thereafter 60c per 10 square metres of the total building area or part thereof.
- (e) Fees for structures such as crawl cranes, gantries and the like, shall be assessed at R1 for every R200 in value of such structure, as fixed by the Town Engineer.
- (f) The area of special buildings such as towers, silos and the like, shall be calculated at the base and every 4 metres in height.
- (g) In addition to the fees payable in terms of paragraphs (a), (b), (c) and (d) a fee of 15c per 10 square metres of the total building area shall be charged for each new building in which structural steelwork or reinforced concrete or timber is used for the framework of the building or as main structural components of the building.
- (h) For every new advertising sign, advertising hoarding or swimming bath a fee of R4 shall be charged and such fee shall be paid on submission of the application to the Council.

(2) For the purpose of this section, building area means the overall superficial area of any new building at each floor level within the same curtilage and shall include basements, mezzanines, galleries, verandahs, balconies, and external staircases."

3. By the deletion of sections 414, 415 and 419.

T.A.L.G. 5/19/30

Administrator's Notice 1159

7 October, 1970

**DECLARATION OF A SUBSIDY ROAD WITHIN THE MUNICIPALITY OF EDENVALE.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved in terms of section 40(a) of the Road Ordinance 1957 (Ordinance 22 of 1957) that the section of road within the Municipal Area of Edenvale, as indicated on the sketch plan subjoined hereto, shall exist as a subsidy road.

D.P. 021-23/25/1.

- (b) Vir die eerste 1000 vierkante meters van die totale gebou-oppervlakte R1 per 10 vierkante meters of gedeelte daarvan.
- (c) Vir die volgende 1000 vierkante meters van die totale gebou-oppervlakte 75c per 10 vierkante meters of gedeelte daarvan.
- (d) Daarna 60c per 10 vierkante meters van die totale gebou-oppervlakte of gedeelte daarvan.
- (e) Gelde vir strukture soos kruipkrane, kraanstellasies en dergelyke, word gehef teen R1 vir elke R200 van die waarde van sodanige strukture, soos deur die Stadsingenieur bepaal.
- (f) Die oppervlakte van spesiale geboue soos torens, silos en dergelyke word by die grondvlak en elke 4 meters in hoogte bereken.
- (g) Benewens die gelde wat kragtens paragraewe (a), (b), (c) en (d) betaalbaar is, word 'n bedrag van 15c per 10 vierkante meters van die gebou-oppervlakte gevorder ten opsigte van elke nuwe gebou waarin struktuurstaalwerk of gewapende beton of hout vir die raamwerk van die gebou of as vernaamste struktuuronderdele van die gebou gebruik word.
- (h) Ten opsigte van elke nuwe advertensieteken, advertensiebord of swembad word 'n geld van R4 gevorder, en sodanige geld moet betaal word wanneer die aansoek by die Raad ingediend word.

(2) Vir die toepassing van hierdie artikel beteken gebou-oppervlakte die totale oppervlakte van enige nuwe gebou op elke vloerhoogte op dieselfde werf en sluit kelders, tussenverdiepings, galerye, verandas, balkonne en eksterne trappe in."

3. Deur artikels 414, 415 en 419 te skrap.

T.A.L.G. 5/19/30


Administrator's Notice 1159

7 Oktober 1970

**VERKLARING VAN 'N SUBSIDIEPAD BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED VAN EDENVALE.**

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het, ingevolge die bepallis van artikel 40(a) van die Padordonnansie 1957, (Ordonnansie 22 van 1957), dat die gedeelte van pad binne die Municipale Gebied van Edenvale, soos op die bygaande sketsplan aangevoer, as 'n subsidiepad sal bestaan.

D.P. 021-23/25/1.



Administrator's Notice 1160

7 October, 1970

**SCHWEIZER RENEKE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws, published under Administrator's Notice 787, dated 18 October 1950, and made applicable *mutatis mutandis* to the Schweizer Reneke Municipality by Administrator's Notice 490, dated 29 July 1959, as amended, are hereby further amended by the addition after section 33 under Chapter 2 of the following:—

*"Contraventions."*

34. Any person contravening or failing to comply with any of the provisions of these by-laws shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R100 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding 6 months."

T.A.L.G. 5/104/69

Administrator's Notice 1161

7 October, 1970

**RUSTENBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Supply By-laws of the Rustenburg Municipality, published under Administrator's Notice 965, dated 12 December 1956, as amended, are hereby further amended by the insertion after item 7 of the Electricity Tariff under Section B of Schedule 2 of the following:—

*"7A. Supply to Thlabane Bantu Township."*

Electricity for Thlabane Bantu Township shall be supplied to the South African Bantu Trust at cost price. Such cost price shall be determined provisionally by the Town Treasurer at the beginning of each financial year and levied for the duration of the financial year. At the close of the financial year the Town Treasurer shall determine the actual cost price and adjust the accounts accordingly."

T.A.L.G. 5/36/31

Administrator's Notice 1162

7 October, 1970

**VERWOERDBURG MUNICIPALITY: ALTERATION OF BOUNDARIES.**

The Administrator has, in terms of section 9(7) of Ordinance 17 of 1939, altered the boundaries of the Verwoerdburg Municipality by the incorporation therein of Portion 102 (a Portion of Portion J of Portion) of the farm Waterkloof 378 JR, in extent 10.0000 morgen, vide Diagram S.G. A.2734/63.

T.A.L.G. 3/2/93 Vol. 2.

Administrateurskennisgewing 1160

7 Oktober 1970

**MUNISIPALITEIT SCHWEIZER RENEKE: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uitcengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 787 van 18 Oktober 1950, en *mutatis mutandis* van toepassing gemaak op die Munisipaliteit Schweizer Reneke by Administrateurskennisgewing 490 van 29 Julie 1959, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na artikel 33 van Hoofstuk 2 die volgende by te voeg:—

*"Oortredings."*

34. Enige persoon wat enige van die bepalings van hierdie verordeninge oortree of wat nie daaraan voldoen nie, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 of by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande."

T.A.L.G. 5/104/69

Administrateurskennisgewing 1161

7 Oktober 1970

**MUNISIPALITEIT RUSTENBURG: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uitcengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsvoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Rustenburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 965 van 12 Desember 1956, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na item 7 van die Tarief vir die Lewering van Elektrisiteit onder Afdeling B van Bylae 2 die volgende in te voeg:—

*"7A. Lewering aan Thlabane-Bantoeedorp."*

Elektrisiteit vir Thlabane-Bantoeedorp word aan die Suid-Afrikaanse Bantoe Trust teen kosprys gelewer. Sodanige kosprys word aan die begin van elke boekjaar deur die Stadstesourier voorlopig bepaal en vir die duur van die boekjaar gehef. Na sluiting van die boekjaar bepaal die Stadstesourier die werklike kosprys en maak die nodige verrekening."

T.A.L.G. 5/36/31

Administrateurskennisgewing 1162

7 Oktober 1970

**MUNISIPALITEIT VERWOERDBURG: VERANDERING VAN GRENSE.**

Die Administrateur het ingevolge artikel 9(7) van Ordonnansie 17 van 1939, die grense van die Munisipaliteit Verwoerdburg verander deur die inlywing daarby van Gedeelte 102 ('n gedeelte van Gedeelte J van Gedeelte) van die plaas Waterkloof 378 JR, groot 10.0000 morg, volgens Kaart L.G. A.2734/63.

T.A.L.G. 3/2/93 Vol. 2.

Administrator's Notice 1163

7 October, 1970

## CORRECTION NOTICE.

JOHANNESBURG MUNICIPALITY: SANITATION  
(GENERAL) BY-LAWS.

Administrator's Notice 820, dated 29 July, 1970, is hereby corrected by the deletion in the second paragraph of the Afrikaans text of the word "in".

T.A.L.G. 5/81/2.

Administrator's Notice 1164

7 October, 1970

KRUGERSDORP MUNICIPALITY: AMENDMENT  
TO SWIMMING BATH BY-LAWS.

